

SAJSV Wildman Point Blanc Ope en 223 Skietdag

Die Wildman Point Blanc Ope is op 5 Oktober 2019 op Plaas Lambley Chapman Safaris gehou.

Wildman Kathu en Point Blanc Kimberley het as ons hoof borge opgetree vir die dag met pryse ter waarde van R 35 000.

Die Kuruman Dierevereniging het gesorg vir verversings op die baan.

Ons was gelukkig om 'n totaal van 108 Ope en 15 223 skuts te hê vir die dag.

Dit was n heerlik lente oggend met amper geen wind totdat ons moes begin skiet.

Die wind van +-25km/h het ons 'n les geleer tussen die berge en klowe.

Die Ope manne het al hulle bane op die plaas geskiet, maar die 223 manne het net hulle teiken bane daar geskiet met die gonge wat op Kuruman se Jagtervereniging se baangeskiet is.

Opebaan uitleg.

Baan 1 Gonge oor voersak: 230m,355m,320m,250m,230m

Baan 2 Vryhand staan op Vark 60m

Baan 3 Gonge by houtperd:280m,250m,350m,280m,220m

Baan 4 Gonge by Rekstok: 270m, 250m,280m,240m,300m

Baan 5 Blesbok lê by Miershoop 250m

Baan 6 Bobbejaan sit by Staaldropper 180m

Baan 7 was n Springbok gong silhoeët op 750m vir n plek in die trekking vir n gelukkige trekking.

Die 223 baan was as volg.

Baan 1 Gonge Vryhand lê : tussen 150-250m

Baan 2 Vryhand staan op Meerkat 30m

Baan 3 Gonge by verskillende bome 200m-320m

Baan 4 Gonge by houtraamwerk 130m-250m

Baan 5 Kniel oor miershoop op Kolgans 110m

Baan 6 Sit by staaldropper 80 m op Tarentaal

Na die skiet is almal na Kuruman se Kalahari jagtersverenigingbaan vir n lekker ete en prysuideling .

Wenners vir die dag.

Algeheel: Ross Chapman

Goud: Pieter vd Westhuizen

Silwer: Ross Chapman

Bronz: Gideon van Zyl

Dames: Serina Osmers

Junior: Janus du Plessis

Seniors: Louis Lehmkuhl

Veteraan: Flip Fouche

223: Henk Brink

Die Lucky draw is deur Lappies Lamprecht van Kathu gewen. Hy ontvang 'n Triggercam.

Geluk aan al die wenners van die dag en ons hoop om julle weer volgende jaar te sien.

Groete Noordkaap Bestuur.



































































